

**Saterdag 21 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:25-33 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:25**

### **Die langverwagte Messias-Koning kom vertroos**

**S**imeon, 'n getroue en vroom Jood, sien hartstogtelik uit na die vertroosting van Israel. Die volk smag na bevryding. Die Messias is belowe. Die profete in die Ou Testament het die volk dit op die hart gedruk. Daar sal iemand kom wat uitkoms sal bring, wat Israel sou red.

Tans druk die politieke situasie, die optrede deur die wrede koning Herodes, die swaar laste wat die Joodse leiers op die volk plaas met hulle wettiese godsdienste, die stilswye van die profete nou al vir 400 jaar. Daar word ook uitgesien na die vervulling van die beloftes van ewige verlossing.

Die Heilige Gees wakker Simeon aan in sy verwagting. Hy gaan tempel toe. Daar kry hy die geleentheid om die kindjie Jesus in sy arms te neem. Dit bring vir hom groot vertroosting. Hy kan nou in vrede sterf. Hy profeteer dat hierdie Kindjie se vertroosting ook wêreldwyd sal strek. Hy is nou God wat sigbaar is in die midde van die volk Israel, Hy het gekom as 'n lig vir die nasies en Hy bring die verlossing wat God gereed gemaak het voor die oë van al die volke.

Vir elkeen wat glo, bring die Messias-Koning ook geweldige vertroosting. Hy is my getroue Verlosser wat met sy bloed vir al my sondes ten volle betaal en my ook beskerm en bewaar. Hy stuur die Heilige Gees om ons ook in dit alles te vertroos. Vind jou troos in die langverwagte Messias-Koning wat gekom het.

*Sing: Skrifberyming 11-2:1, 4; 12-6:1-3*

*Ds. HG Schutte (Garrie) (Suidkus)*